

'n Oorsigartikel oor tipes gesinsrituele en die simboliese betekenis daarvan vir jong volwassenes

A review article on types of family rituals and their symbolic meanings for young adults

VERA ROOS & ESMÉ VAN RENSBURG

Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe

Psigologie, Noordwes-Universiteit

Vera.Roos@nwu.ac.za



Vera Roos

Esmé van Rensburg

VERA ROOS is 'n medeprofessor in Sielkunde by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomse kampus sedert 2004. Vanaf 1992 tot 2003 het sy by die Universiteit van Pretoria gemeenskapsprojekte bestuur met die spesifieke oogmerk om die potensiaalontwikkeling van voorheen-benadeelde gemeenskappe te fasiliteer. Tot op datum het sy 26 portuurgeëvalueerde artikels in nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer en bydraes in 10 hoofstukke van handboeke gemaak. Sy het ook by verskeie nasionale en internasionale kongresse voordragte gelewer en plakkaataanbiedings gemaak oor onderwerpe wat fokus op instaatstellende kontekste, verhoudingswelsyn en ouer mense. Vera se teoretiese benadering naamlik dat die dinamiese prosesse in komplekse sisteme in 'n breër sosio-kulturele omgewing ingebed is, het die agtergrond voorsien vir die ontwikkeling van die Mmogo™ metode. Hierdie metode stel navorsers in staat om die betekenis wat mense aan ervarings heg op 'n kultuur-sensitiewe wyse te ontdek.

VERA ROOS has been an associate professor of Psychology at the North-West University's Potchefstroom Campus since 2004. She managed community psychology projects with the specific objective to facilitate the development of potential within disadvantaged communities from 1992 until 2003, at the University of Pretoria. To date she has published 26 peer reviewed papers in national and international journals and contributed to 10 chapters in textbooks. She has also presented various papers and posters at national and international conferences on topics focusing on enabling contexts, relational wellbeing and older persons. Vera's theoretical approach, namely that the dynamic processes in complex systems are embedded in a broader social-cultural environment, provided the background for the development of the Mmogo™ method. This method assists researchers to discover meanings that people attach to experiences in a culturally sensitive manner.

ESMÉ VAN RENSBURG is 'n medeprofessor verbonde aan die vakgroep Psigologie van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomse kampus). Sy het die grade BA, BA (Hons), en MA (Voorligtingspsigologie) behaal by die PU vir CHO en haar PhD (Kindersielkunde) by die Universiteit van die Vrystaat. Sy doseer tans kinderpsigologie en -patologie en etiek en professionele praktyk op MA en Honneursvlak. Sy is die outeur en mede-outeur van verskeie publikasies. Sy het ook reeds 'n groot aantal lesings by verskeie internasionale kongresse gelewer. Sy was in 2005 as gasdosent na die Vrije Universiteit van Amsterdam genooi. Sy bied op 'n gereelde basis CPD-kursusse aan vir sielkundiges en het ook 'n privaattraktyk.

ESMÉ VAN RENSBURG is an associate professor in the subject group Psychology of the School for Psychosocial Behavioural Sciences at the North-West University (Potchefstroom Campus). She obtained the BA, BA (Hons) and MA (Counselling psychology) degrees at the PU for CHE and her PhD (Child Psychology) at the University of the Free State. She currently lectures child psychology and child pathology as well as ethics and professional practice on Masters and Honours level. She is the author and co-author of several publications. She also has presented a number of papers at various international conferences. In 2005 she was invited as a guest lecturer at the Vrije University of Amsterdam. She regularly presents CPD courses for psychologists and also has a private practice.

ABSTRACT***A review article on types of family rituals and their symbolic meanings for young adults***

The far-reaching impact of events such as HIV/AIDS and divorce on family structures, together with the prevalence of violence in South Africa, necessitate a new look at the significance of family rituals. Family rituals can be seen as uniquely meaningful family interactions that transmit the family's enduring beliefs, values, attitudes and goals, and provide the family with a sense of stability and a means of socialisation. Family rituals play a role in the establishment of accessible family relationships. They facilitate the development of the identities and emotional security of family members. Rituals are repetitive, are highly valued and have symbolic meanings. They add meaning to family life and can support a family's stability during turbulent times and transition. Healthy rituals in family life may buffer families from the negative effects of environmental stress and serve as a protective factor.

Young adults between 19 and 22 years were invited to participate in the research and to describe the types of rituals occurring in their core families, together with their symbolic meanings. Written data were collected and a qualitative data analysis method was applied. The findings indicated that religious activities, family meals, anniversaries, television and family outings were identified as typical rituals. The high incidence of rituals pertaining to religious activities was surprising. It may be due to the fact that the participants were students studying at a traditional, value-driven university. Family meals played an important role in family integration. The physical space in which the meal takes place fostered emotional intimacy between family members. The young adults in this group described annual celebrations and anniversaries as one of the rituals present in their families; with birthdays and Christmas being events that were especially celebrated. Watching television was also seen as an important family ritual. Family outings such as shopping, picnics or going on an outing were also considered significant family rituals. Family outings can have the important function of bonding. The variety of rituals that were identified suggests that the extent of interpersonal contact exists on a continuum. Some rituals, such as watching television together, required little personal interaction, while visits and sharing meals were based on intimate interpersonal interactions. It was clear, however, that the type of ritual performed gained its significance from the symbolic value attached to that ritual. This research found that family members' bonds were strengthened and maintained through family rituals and that a unique identity was developed with which family members could identify. Within their safe family boundaries, family members were given opportunities to develop interpersonal skills. These skills were evident in mutually respectful relationships that benefited the family as a socialisation unit, and were also transferred to the broader context of society.

The repetitive nature of rituals contributed to the establishment of a safe and predictable environment, which protected the boundaries of the family and its members so that the various family functions could take place. Forming an identity and developing interpersonal skills such as empathy, respect and an awareness of other people were critical for functioning in any human context. From this research it became clear that family rituals linked different generations to each other; strengthened relationships, emphasised the uniqueness of families and supplied a mutually supportive structure. They also created a predictable environment that gave family members a sense of belonging, and that nurtured self-confidence. Where family rituals were lacking, descriptions were typified by antagonistic and mechanistic interpersonal contact, and little emotional content could be discerned. The lack of emotional content was particularly apparent in family structures characterised by changes such as divorce. The findings of this research have far-reaching implications for upcoming new family structures such as child-headed households and single-parent families.

KEY CONCEPTS: Family rituals, constructive family relations, relationship well-being, personal attachment of meaning

TREFWOORDE: Gesinsrituele, opbouende gesinsverhoudings, verhoudingswelsyn, persoonlike betekenisgewing.

OPSOMMING

Die ingrypende impak wat veranderings soos HIV/Vigs en egskeidings op gesinstrukture het, asook die voorkoms van geweld, noodsaak dat daar herbesin word oor die belangrikheid van gesinsrituele. Gesinsrituele speel 'n rol in die vestiging van toeganklike gesinsverhoudings. Dit fasiliteer die ontwikkeling van gesinslede se identiteit en hul geborgenheid. Rituele kom herhaaldelik voor, word hoog aangeskryf en het simboliese betekenis. Jong volwassenes tussen 19 en 22 jaar is gevra om aan die navorsing deel te neem en aan te dui watter tipe rituele in hulle gesinne van oorsprong voorkom asook wat die simboliese betekenis daarvan vir hulle is. Geskrewe data is ingesamel en 'n kwalitatiewe metode van data-ontleding is gebruik om die data te analiseer. Die bevindinge het aangedui dat godsdienstige aktiwiteite, gesinsetes, jaarlikse herdenkings, televisie en gesinsuitstappies as tipiese rituele geïdentifiseer is. Gesinsrituele verbind verskillende generasies met mekaar, bou verhoudings, beklemtoon die unieke aard van gesinne en dien as ondersteuning vir mekaar. Voorts skep dit 'n voorspelbare omgewing wat aan gesinslede 'n gevoel van behoort gee en waarin gesinslede selfvertroue ontwikkel. Waar gesinsrituele ontbreek het, is beskrywings gekenmerk deur vyandige en meganistiese interpersoonlike kontak en min emosionele inhoud is opgemerk. Hierdie afwesigheid van emosionele inhoud was veral opvallend in gesinstrukture wat gekenmerk is deur verandering, soos egskeiding. Die bevindinge van hierdie navorsing het verreikende implikasies vir die voorkoms van nuwe gesinstrukture, soos kinderhoofhuishoudings en enkelouergesinne.

AGTERGROND VIR DIE NAVORSING

Alle gesinne se funksionering word gerig deur roetines en rituele, ongeag hulle sosio-ekonomiese status, etniese agtergrond of godsdienstige oriëntasie (Schuck & Bucy, 1997). Vir die doeleindes van hierdie artikel word 'n gesin gedefinieer as bestaande uit een of twee volwassenes wat 'n ouerlike band met die kinders in hul sorg toon deur verantwoordelikheid vir hul opvoeding en welsyn te aanvaar en waarin al die groepslede hulself as lede van die gesin beskou. Dit kan ouers van dieselfde of verskillende geslagte wees en die verwantskap hoef nie noodwendig biologies te wees nie. Quatman (1997) beskryf goed funksionerende gesinne as gesinne waarin gesinswaardes, ekspressiewe kommunikasie, gedeelde tyd en liefde voorkom en wat by groei en verandering kan aanpas. Gesinsrituele is van besondere belang in die groei, aanpassing en verandering wat gesinne moet ondergaan. Schuck en Bucy (1997) definieer gesinsrituele as betekenisvolle sosiale aktiwiteite wat in die gesin voorkom en wat bydra tot die gesin se unieke identiteit. Gesinsrituele en roetines is gewoonlik uniek aan elke gesin en het sekere betekenis vir die gesin, wat nie noodwendig vir buitestaanders sigbaar is nie. Gesinsroetines en -rituele verskil van mekaar in die sin dat dit verskillende boodskappe kommunikeer. Roetines bevat boodskappe oor wat gedoen moet word, terwyl gesinsrituele simboliese betekenis inhou (Fiese et al., 2002). Gesinsrituele is komplekse gedragspraktyke wat sistematies met verloop van tyd ontwikkel (Kiser, Bennett, Heston & Paavola, 2005). Dit vervul die funksie dat die gesin se geloof, waardes, houdings en doelwitte van geslag tot geslag oorgedra kan word en dit voorsien gesinslede met 'n gevoel van stabiliteit, identiteit asook 'n wyse van sosialisering (Fiese et al., 2002; Schuck & Bucy, 1997).

Gesinsrituele is gewoonlik herhalend van aard en dit dra ook by tot die gesin se welsyn. Dit bied aan die gesinslede 'n gevoel van behoort, kontinuïteit en betekenis (Baxter & Clark, 1996; Becvar & Becvar, 1996; Fiese, 1992; Giblin, 1995; Imber-Black, 1999; Kiser et al. 2005; Wolin & Bennett, 1984). Fiese, Hooker, Kotary en Schwagler (1993) beklemtoon dat rituele beplan word en dat dit affek en simboliese betekenis insluit.

Verskillende tipes rituele kom voor, soos die daaglikse rituele wat gesinslede se geroetineerde gesinsinteraksies insluit, gesinstradisies en herdenkings, asook spesifieke handeling, wat betekenisvolle rituele genoem word. Daaglikse rituele behels die toekenning van rolle en roetine-aktiwiteite (Fiese & Tomcho, 2001; Howe, 2002). Geroetineerde gesinsinteraksies is dikwels die gevolg van rituele wat hul betekenis verloor het, oorbodig geraak het of 'n onnodige las geword het (Schuck & Bucy, 1997). Na aanleiding van Wolin en Bennett (1984) se navorsing met gesinne waar alkoholmisbruik voorkom, is drie tipes rituele onderskei, naamlik gesinsherdenkings, gesinstradisies en gesinsinteraksies. Gesinsherdenkings is meer formeel en bevat voorgeskrewe wyses van handeling volgens kulturele of tradisionele voorskrifte. Gesinstradisies is minder formeel en kultuurvoorskriftelik en sluit rituele rondom die viering van verjaarsdae en vakansies in. Laastens is gesinsinteraksies die mees idiosinkratiese tipe ritueel wat onderskei word volgens die wyse waarop byvoorbeeld slaaprituele, storievertellings of maaltydroetines plaasvind.

Volgens Audehm en Zirfas (1998) vorm gesinsherdenkings, tradisies en interaksies in verskillende kombinasies die kern van die gesinsatmosfeer. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat rituele nie gesinsgedrag kategoriseer nie, maar dat dit as ankerpunte op 'n kontinuum van funksionering beskou word. Gesinsrituele moedig gesonde gesinsfunksionering aan en ondersteun die gesinsdinamika deur die behoud van die gesinsparadigma (Howe, 2002; Kiser et al., 2005). 'n Gesinsparadigma verwys na die diep gesetelde en gevestigde houdings en aannames wat die gesin oor die wêreld huldig.

Gesinne is sosiale gemeenskappe wat verbale en nie-verbale rituele op die gesinsverhoog uitvoer (Audehm & Zirfas, 1998). Nie alle gesinsrituele het simboliese betekenis nie en dikwels berus die toekenning van simboliese waarde op die bywoning, belangrikheid en verbintenis van die lede tot die aksie of die aktiwiteite (Fiese & Tomcho, 2001). Fiese et al. (1993) beklemtoon in hierdie verband dat rituele beplanning sowel as affektiewe en simboliese betekenis insluit.

Roberts (1988) het gesinne wat rituele beoefen op die volgende ses wyses beskryf. Ondergeritualiseerde gesinne beoefen weinig roetines en belangrike gebeure soos verjaarsdae en herdenkings word nie aktief gevier nie, maar dikwels geïgnoreer. Die rigiede geritualiseerde gesin, daarenteen, handhaaf streng reëls met betrekking tot sekere gebeure en gesinslede se teenwoordigheid is tot 'n sekere mate verpligtend. Gesinne toon eensydige rituele wanneer sekere gedrag of rituele uniek geag word, in die sin dat dit beperk is tot spesifieke godsdienstige of etniese rituele. Leë rituele beteken dat die gesin nie enige emosionele waarde aan die rituele heg nie. Buigsame rituele word in gesinne aangetref wanneer rituele hul simboliese betekenis behou en in staat is om aan te pas by veranderende rolle en roetines soos wat die spesifieke lewensfase of omstandighede dit van gesinne verg (Fiese, 2000).

Die vernaamste funksie van gesinsrituele is dat die interaksionele patrone in gesinsrituele gesinne aan bepaalde momente herinner, aangesien inligting met verloop van tyd aangepas en vir die gesin as sisteem behou word. Dit bevestig die gesin se houding teenoor die wêreld asook teenoor die res van die gesin met betrekking tot intieme verhoudings en gehegtheid, wat skeiding en hereniging insluit (Leon & Jacobvitz, 2003; Reiss, 1981). Rituele word beskou as die geïnternaliseerde vorm van ouer-kind-interaksies wat die kwaliteit van latere verhoudings kan beïnvloed.

Nieteenstaande die toenemende aantal artikels oor gesinsrituele en -roetines is dit insiggewend dat daar nog baie beperkte navorsing daaroor in Suid-Afrika gedoen is. Die doel van hierdie artikel is om vas te stel watter verskillende tipes rituele voorkom by die gesinne van jong volwassenes asook wat die simboliese betekenis van die gesinsrituele is. Vir die doel van hierdie navorsing word daar gefokus op die subjektiewe gevoelswaarde wat deur gesinslede geïdentifiseer is.

METODE

Om die navorsingsdoelwitte vir hierdie studie te bereik, is besluit om 'n kwalitatiewe navorsingsmetode te gebruik. 'n Induktiewe benadering is die aangewese wyse waarop die navorsingsterrein verken kan word, aangesien daar baie beperkte navorsing oor gesinsrituele in die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar is (Snape & Spencer, 2006). Kwalitatiewe navorsing word in hierdie navorsing gereken as 'n kontekstuele navorsingsmetode wat fenomene bestudeer in die sosiale omgewing waarin dit voorkom en die wyse waarop dit manifesteer (Ritchie, 2006). In hierdie studie is gepoog om nie-numeriese data, naamlik watter rituele deur jong volwassenes as gesinsrituele beskou word, te identifiseer en om die betekenis wat subjektief daaraan geheg word, te beskryf (Coyle, 2007).

Navorsingskonteks en deelnemers

Die navorsing het plaasgevind by 'n tersiêre instelling wat tradisioneel as 'n Christelike Universiteit, maar tans as 'n waardegedrewe instelling, beskryf word. Deelnemers aan die navorsing was 'n groep voorgraadse studente in hul tweede studiejaar wat ingeskryf het vir 'n module in Ontwikkelingsielkunde. 'n Heterogene, doelgerigte steekproef van 204 studente is gebruik, waarvan slegs 125 studente se data uiteindelik in die studie ingesluit is, aangesien sommige studente slegs een van die twee vrae beantwoord het, en ander studente slegs 'n teoretiese bespreking oor gesinsrituele gegee het, sonder om die persoonlike betekenis wat dit vir hulle inhou, te beskryf. Deelnemers van 'n spesifieke ouderdomsgroep is genader aangesien hulle 'n gedetailleerde ontginning van die spesifieke navorsingsvrae en begrip vir die algemene temas oor 'n breë verband sou kon gee (Ritchie, Lewis & Elam, 2006). Jong volwassenes tussen die ouderdom van 19 en 22 jaar, van alle taal- en kultuurgroepe en van albei geslagte, is in die studie ingesluit.

Data-insameling

Data is in geskrewe formaat bekom deur die volgende vrae te vra: "Watter gesinsrituele het jy of beoefen jy steeds in jou gesin van oorsprong? Wat beteken hierdie rituele vir jou?" Aangesien oop vrae gebruik is om die data te bekom, kon spesifieke rituele in meer as een kategorie ingedeel word.

Data-ontleding

Die data wat bekom is van die eerste vraag is kwalitatief met behulp van inhoudsontleding geanaliseer deur die deelnemers se beskrywings van hul gesinsrituele (dus die eenheid van analise) volgens hoeveelhede in breë kategorieë volgens die literatuur, te kategoriseer (Fiese & Kline, 1993; Spencer, Ritchie & O'Connor, 2006). Die kategorieë het ingesluit gesinssetes, naweekrituele, vakansies, jaarlikse herdenkings soos verjaarsdae, godsdienstige herdenkings soos Kersfees en Paasfees, spesiale vieringe soos troues, graduering en ander kulturele of etniese herdenkings. Uit hierdie navorsing was dit egter duidelik dat ander vorms van rituele ook voorgekom het, wat nie in die literatuur aangetref is nie, soos sport, uitstappies en televisie kyk.

Interpretatiewe fenomenologiese analise is gebruik in die analisering van die data wat deur middel van die tweede vraag bekom is. Die interpretatiewe fenomenologiese analise is veral geskik om sosiale fenomene te ondersoek om sodoende te verstaan hoe jong volwassenes belangrike sosiale interaksies beleef en dit interpreteer (Smith & Eatough, 2007). Data is geanaliseer deur die herhaalde en intensiewe deurlees van die data om 'n geheelindruk van die data te verkry. Daarna is aanvanklike

temas geïdentifiseer op grond van die uitstaande kenmerke van die beskrywing, waarna dit in groepe georganiseer en in die konteks van die data geplaas is. Die temas is dan verder verfyn, geïntegreer en moontlike verbande tussen die temas is ondersoek om 'n geïntegreerde beskrywing van die interpretasie van die navorser oor die deelnemers se ervarings weer te gee (Smith & Eatough, 2007).

Prosedure

Nadat etiese goedkeuring van die universiteit se etiekkomitee verkry is, is studente gedurende 'n klasinteraksie genader om te hoor wie van hulle belang sou stel om aan die navorsing deel te neem. Twee vrae is in 'n geskrewe formaat aan die studente beskikbaar gestel. Hulle kon die vrae enige tyd beantwoord en is versoek om hulle data anoniem in te dien.

Vertrouenswaardigheid

Vertrouenswaardigheid van die navorsing is verseker deur die riglyne te volg wat voorgestel is deur Yardley (in Smith, 2003). 'n Sensitiwiteit vir die konteks is gedemonstreer deur die insluiting van 'n uitgebreide literatuurstudie oor gesinsrituele. 'n Verbintenis tot die data en die verslaggewing daarvan is gedemonstreer deur die uitgebreide ervaringsveld van beide navorsers in ontwikkelingsielkunde en die feit dat die data vanselfsprekend aangebied word. Nougeseheid, wat verwys na die toepaslikheid van die steekproef om die navorsingsdoelwitte te bereik, is deur 'n doelgerigte steekproef van jong volwassenes bekom. Die impak en belangrikheid van die navorsing is geleë in die feit dat daar weinig inligting in die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar is en dat die navorsing derhalwe 'n bydrae lewer tot begrip vir die tipes gesinsrituele en die subjektiewe betekenis wat daaraan geheg word deur jong volwassenes van alle taal- en kultuurgroepe.

Etiese riglyne


Die navorsing is goedgekeur deur die etiese komitee van die universiteit. Studente is ook gevra om geskrewe toestemming te verleen dat die inligting vir navorsing gebruik kan word. Die inligting het nie deel gevorm van die bepaling van hul akademiese prestasie nie. Die deelnemers is verseker dat hulle deelname aan die navorsing vrywillig is, dat die inligting as vertroulik gehanteer sal word en dat hulle te enige tyd aan die studie kan onttrek. Die tipes rituele wat deur die deelnemers geïdentifiseer is, word vervolgens bespreek.

BESPREKING VAN RESULTATE

Gesinsrituele wat deur die deelnemers genoem is, is in die volgende kategorieë ingedeel: gesinsetes, naweekrituele, vakansies, jaarlikse herdenkings, godsdienstige herdenkings, spesiale vierings en spesifieke kulturele of etniese herdenkings, televisie kyk en uitstappies.

Tipes rituele wat gesinne beoefen

'n Visuele voorstelling van die verskillende rituele en die voorkoms daarvan word voorgestel in figuur 1.



Figuur 1: *Persentasie en tipes rituele waaraan gesinne deelneem*

Historiese, kulturele en etniese rituele

Hoewel navorsing aandui dat rituele dikwels uniek is en dat kulturele en etniese groepe verskillende rituele het, lyk dit nie asof dit so is in die geval van hierdie groep nie. Spesiale herdenkings van 'n geskiedkundige, kulturele of etniese aard is in baie min gevalle vermeld en slegs een student het aangedui dat sy/haar gesin van oorsprong 'n historiese gebeurtenis as 'n gesinsritueel vier. Dieselfde bevinding het gegeld vir kulturele en etniese rituele, wat moontlik daaraan toegeskryf kan word dat hierdie groep as 'n homogene groep beskou kan word of dat kulturele en etniese rituele selde uitgevoer word (3,2%).

Naweekrituele

Naweekrituele behels dat gesinne tydens naweke op die een of ander uitstappie gaan. Aanvanklik het dit gelyk asof hierdie kategorie redelik laag is, maar wanneer gesinsrituele soos “om kerk toe te gaan of godsdienstige aktiwiteite” in ag geneem word, kn dit wees dat hierdie tipe rituele ook as naweekrituele beskou kon word. Dit blyk egter uit die simboliese betekenis wat deelnemers aan die rituele heg dat die deelnemers “om kerk toe te gaan” nie as 'n naweekritueel beskou nie, maar eerder as 'n afsonderlike ritueel. Die voorkoms van naweekrituele was dus besonder laag (4 %).

Ander rituele en spesiale aktiwiteite

Die idiosinkratiese eienskappe van rituele word uitgelig in die kategorieë “spesiale aktiwiteite” (15,2 %) en “ander rituele” (11,2 %). Spesiale aktiwiteite verwys na rituele soos dat die deelnemers vroegoggend saam met hul ouers in die bed kruip, saam tuinmaak of dieselfde stokperdjie beoefen. Die uniekheid van gesinsrituele bevorder dikwels die ontwikkeling van 'n gesin se identiteit. Ander rituele sluit aktiwiteite in wat moeilik by die ander kategorieë ingesluit kon word maar wat nogtans deur die deelnemers as rituele beskryf, is soos 'n lekker geselsie of om mekaar te druk.

Sportdeelname

Sport is as 'n gesinsritueel aangedui deur 12,8% van die steekproef. Die simboliese betekenis van die ritueel behels dat dit nie net gesinslede is wat hieraan deelneem nie, maar ander mense ook. Meer navorsing hieroor is nodig aangesien dit ook kon beteken dat mense hul belangstellings, soos hul interpersoonlike interaksies en hul persoonlike belangstellings, met mekaar kombineer.

Vakansies

Vakansies blyk nie 'n belangrike gesinsritueel te wees nie (20%). Dit kan daaraan toegeskryf word dat baie studente gedurende vakansies werk of aan ontwikkelingsfaktore soos dat studente verkies om die tyd saam met hulle vriende te deur te bring. Fiese et al. (2002) en Eaker en Walters (2002) het aangedui dat roetines sowel as rituele hul eie unieke ontwikkelingspatrone het en dat adolessente en vroeë volwassenes toenemend meer tyd weg van hul ouers af deurbring.

Uitstappies

Hierdie kategorie word nie deur Fiese (1992) aangedui nie, maar in die ontleding van die data is gevind dat dit belangrik is. Aktiwiteite wat as uitstappies geag word, is om saam inkope te doen, picknik te hou, vir 'n middag êrens heen te ry of om saam te gaan fliek. Die belangrikheid van uitstappies as 'n gesinsritueel is dat die meeste jong volwassenes gewoonlik eerder tyd saam met hulle vriende sal verkies. In hierdie kategorie word egter aangedui dat gesinne tyd saam deurbring deur middel van hierdie uitstappies en dat die deelnemers dit as 'n betekenisvolle ritueel beskou. Uit die 125 deelnemers het 33 (26,4%) uitstappies as 'n gesinsritueel aangedui. Die feit dat gesinsuitstappies nie in die literatuur aangetref word nie, kan moontlik toegeskryf word aan generasieveranderinge of dit kan iets verteenwoordig van die gesinslewe in Suid-Afrika.

Televisie kyk

Die kyk van televisie is 'n belangrike ritueel ten opsigte van die aantal kere wat dit plaasvind (30,4 %). Volgens Horodyski en Arndt (2005) is televisie kyk wel as 'n ritueel aangedui, maar dit vind gewoonlik saam met gesinsetes plaas.

Jaarlikse herdenkings

Jong volwassenes beskryf jaarlikse herdenkings soos Kersfees en verjaarsdae as gesinsrituele wat gevier word (38%). Fiese et al. (2002) noem dat een van die belangrike eienskappe van 'n ritueel is dat tyd spesifiek afgesonder word vir daardie besondere ritueel. Dit kan moontlik wees dat jaarlikse herdenkings dikwels op 'n almanak aangebring word, maar dit verg tog deeglike beplanning en voorbereiding, wat die belangrikheid daarvan vir die individu beklemtoon. Fiese et al. (2002) het in 'n meta-ontleding van navorsing bevind dat jaarlikse herdenkings, verjaarsdae, Kersfees en Sondagmiddagetes gesinsrituele is wat die meeste geïdentifiseer word.

Gesinsetes

Gesinsetes word beskou as aktiwiteite wat die keuse, voorbereiding en eet van kos behels (Horodyski & Arndt, 2005). Van die 125 deelnemers het 75,2% (N=94) gesinsetes as 'n ritueel aangedui. Gesinsetes word beskou as 'n ruimte waarin kultuurspesifieke gedrag gedemonstreer word. In hierdie navorsing word gesinsetes spesifiek geassosieer met die rituele rondom braaivleis, wat as 'n tradisionele Suid-Afrikaanse gesinsete beskou kan word. Dit duur gewoonlik een tot drie ure en word gekenmerk deur

kommunikasie en samesyn. Die fisiese ruimte waarin gesinsmaaltye plaasvind is ook van so 'n aard dat dit die emosionele intimiteit tussen gesinslede bevorder. Gesinsetes kan die funksie vervul dat dit gesinsintegrasie en interaksies en die gesin se welsyn bevorder en dat dit sosiale vaardighede en 'n positiewe selfbeeld ontwikkel (Fulkerson et al., 2006). Volgens Fiese et al. (2002) behels gesinne se maaltydrituele gewoonlik gesprekke wat grappe insluit asook die algemene mededeling van mekaar se daaglikse wel en weë. Hierdie gesprekke gaan met die affektiewe reaksie gepaard wat gekenmerk word deur die tyd wat spesifiek uitgesonder is vir saameet. Fiese et al. (2002) het verder bevind dat gesinsmaaltye die mees algemene gesinsritueel is wat uitgevoer word, terwyl dit in hierdie navorsing die tweede algemeenste was.

Godsdienstige aktiwiteite

Godsdienstige aktiwiteite (80,8%) was die gesinsritueel wat die meeste in hierdie navorsing deur deelnemers geïdentifiseer is. Die navorsingskonteks, naamlik dat die deelnemers studente aan 'n waardegedrewe universiteit was en dat die meeste studente hulself as waardegedrewe mense geïdentifiseer het, kan moontlik hierdie hoë voorkoms verklaar. Dit lyk asof hul waardes die grondslag van hul gesinslewe vorm en dat godsdienstige aktiwiteite 'n natuurlike deel van gesinsrituele uitmaak. Die aanduiding van godsdienstige vakansiedae as belangrike rituele (60%) stem ooreen met die navorsing van Fiese et al. (2002).

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat dit die kultuurhistoriese konteks waarin gesinsrituele voorkom 'n belangrike rol speel in die tipes rituele wat by gesinne voorkom. Die meeste rituele wat in die navorsing aangedui is, illustreer dat dit nie noodwendig die tipe ritueel is wat die emosionele klimaat skep waarin die gesinsritueel voorkom nie, maar eerder die simboliese betekenisse wat die gesinslede daaraan heg. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

Die simboliese betekenisse van rituele

Tabel 1 bevat 'n opsomming van die temas en subtemas van die simboliese betekenisse wat aan gesinsrituele geheg word:

TABEL 1: Simboliese betekenisse van gesinsrituele

Hoof- en subtemas
Intergenerasionele waarde
Verhoudingswaarde
Interpersoonlike vaardighede
Veilige, sosiale omgewing
Intieme gehegtheid
Vriendskapsverhoudings
Sosiale ondersteuning, hulp en omgee
Unieke gesinsidentiteit
Gesinsgrense
Versteurde rituele of gebrek aan rituele

Intergenerasionele waarde

Gesinsrituele wat oorgedra word van geslag tot geslag en waarin die jonger geslag soms die leiding neem word as intergenerasioneel beskou. Gesinsrituele wat van geslag tot geslag oorgedra word vervul die funksie dat dit verskillende generasies met mekaar verbind deur die herhalendheid van die praktyke, wat insluit gebede, sekere disse, en selfs onderwerpe van bespreking, asook die emosionele kontinuïteit van die betekenis wat van geslag tot geslag oorgedra word (Fiese et al., 2002; Friedman & Weissbrod, 2004; Kiser, 2007). Dit word soos volg deur 'n deelnemer verwoord: *Deur gesinsrituele kan kultuurwaardes wat deur die ouer verteenwoordig word, aan die kinders oorgedra word deurdat hulle identifiseer met die ouer en die waardes en norme wat so oorgedra word. Ander deelnemers bevestig dit: Dit dra 'n gesinstradisie oor wat ook afkomstig is van my voorouers; en die waarde van gesinsrituele is dat kinders grootword in 'n omgewing met spesifieke tradisies. Dit skep 'n kultuur binne die huis. Gesinsrituele voorsien stabiliteit deurdat dit geloofsisteme bevestig en reflekteer asook dat dit die familie met die verlede en die hede verbind (Kiser, 2007). Die volgende aanhaling beklemtoon dat al verstaan gesinslede nie altyd die doel van die rituele nie, hulle nogtans daaraan meedoen op grond van die tradisies van die voorgeslagte: *Persoonlik verstaan ek nie die rede waarom hierdie tipe dinge gedoen word nie, maar ek glo dat ek is wat ek vandag is as gevolg van daardie rituele wat ek nog steeds nie verstaan nie.**

Verhoudingswaarde

Die vaardighede wat interpersoonlike interaksies moontlik maak word as verhoudingsvaardighede beskou. Gesinsrituele wat dus hierdie vaardighede ondersteun word beskou as dat dit verhoudingswaarde inhou. Dit behels onder andere die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede, die skep van 'n veilige, sosiale omgewing waarin intieme gehegtheid ontwikkel, en vriendskaps-verhoudings wat ook sosiale ondersteuning, hulp en omgee aan gesinslede kommunikeer.

Interpersoonlike vaardighede soos om na ander mense se menings te luister, empatie met ander mense te hê, eie menings uit te druk, 'n bewustheid van die self in verhouding tot ander te hê, respek vir ander mense se sterk punte en hul swakhede te toon en om konfliktsituasies sinvol te hanteer, is tipiese vaardighede wat in enige interpersoonlike konteks manifesteer. Deelnemers verwoord dit soos volg: *Dit gee my ook die kans om my standpunt te stel en opinies te gee. Leer ons om respek te hê vir ander mense rondom jou. Dit help ons ook om mekaar se swakpunte en sterkpunte te ken en verstaan. Dit help ons ook om mekaar se sterkpunte na vore te bring en daarop te konsentreer. Gesonde gesinsbande en gesinstrukture vorm die fondament vir lewensbeskouing, beginsels en toekomstige verhoudings met medemense in alle lewensituasies.*

Volgens navorsing deur Fulkerson et al. (2006) dra gereelde gesinsetes by tot die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede aangesien gesinslede gereeld kontak hou met mekaar ten spyte van die gejaagde lewe. Deelnemers aan die navorsing het genoem dat gesinsrituele hulle gehelp het om verskillende interpersoonlike vaardighede te ontwikkel. Kiser et al. (2005: 368) voer aan dat "family time spent on relationship building and maintenance made all family members feel special and connected". Van die deelnemers het die volgende daarvoor opgemerk: *Vir my as kind het dit baie spesiaal laat voel; en dit was werklik so, dit was die hoogtepunte van die week. Ons kon almal saam sit en kuier. Daar was altyd die vryheid om jou mening te lug. Vir my het dit beteken dat ek herken word as mens en insette kan lewer in die gesin, dit het my ook geleer om situasies te evalueer en 'n mening daarvoor te vorm. 'n Ander stel dit treffend: Die waarde van hierdie rituele is vir my oneindigend. Dit het my geleer om aan ander mense te dink en na hul opinies en menings te luister. Die lewe is hard genoeg, dit is nie nodig dat jou gesinsverhouding ook sleg is nie.*

Gesinsrituele skep 'n *veilige sosiale omgewing* waarin gesinslede die toepaslike sosiale vaardigheid kan ontwikkel (Howe, 2002). 'n Deelnemer beskou dit soos volg: *Hierdie spesifieke rituele is tye waartydens ons liefde en respek vir mekaar aanleer en kweek*. Die waarde van 'n voorspelbare sosiale omgewing voorsien struktuur en 'n gevoel van beheer oor 'n persoon se lewe (Eaker & Walters, 2002). 'n Veilige sosiale omgewing is geïllustreer deur die volgende aanhaling: *Gesinsrituele skep 'n gevoel van behoort en veiligheid, sekere riglyne van hoe dinge gebeur, die konsekwentheid daarvan was baie "reassuring" omdat ons versekerd was dat daardie ding gaan gebeur op 'n spesifieke tyd, elke keer*.

Dit is ook opvallend dat die veilige sosiale omgewing spesifiek in verhouding tot die vormingsjare uitgesonder word as 'n omgewing waarin waardesisteme ontwikkel het. Een persoon stel dit soos volg: *Dit het 'n omgewing geskep waar daar tydens die brose vormingsjare definitiewe grense was waarbinne ons kon en mag beweeg het. Die gevaarlike en onbekende kon nie as negatiewe invloed gedien het op 'n stadium wat jou eie waardesisteme nog in die vormingsproses was nie. 'n Ander verwys na die gesin as 'n veiligheidsbasis: Dit het ook aan ons 'n veiligheidsbasis voorsien wat ons aangemoedig het om te waag en kans te vat buite die gesin omdat ons vertrou en ondersteuning van mekaar geleer het*.

'n Gevoel van verbintenis wat gekenmerk word deur 'n *intieme gehegtheid* word in die gesinsinteraksies uitgedruk deur woorde soos *sterk bande, gehegtheid, gevoelens van onderlinge begrip, simpatie, afhanklikheid, verpligting en verantwoordelikheid teenoor mekaar*. Hierdie intieme gehegtheid word beskryf dat gesinslede se lewens verweef is met mekaar wat hulle in staat stel om dinge anders en vanuit ander mense se oogpunt te ervaar en nie net op hulself aangewese te wees nie, maar ander mense ook in ag te neem.

'n Interessante tema wat uit die navorsing na vore gekom het, is dat die lede van gesinne waarin gesinsrituele beoefen word, verhoudings ontwikkel wat later as *vriendskapsverhoudings* beskryf word, soos in die volgende voorbeelde: *Ons kuier saam, gaan Sondae saam kerk toe, lag saam, oefen saam, huil saam ... alles wat ek in 'n vriendekring wil hê en meer!! Dit is tussen dié mense dat jy net kan ontspan en wees wie jy is, want hulle ken jou en het jou lief vir wie en wat jy is*.

Die onvoorwaardelike aanvaarding en liefde van mense in die gesinskonteks maak voorsiening vir individuele ervarings wat eienskappe soos selfvertroue en die ontwikkeling van selfstandige volwassenes moontlik maak. Deelnemers het hul ervarings in hierdie verband vergelyk met tye wat hulle saam met vriende deurbring. Een deelnemer stel dit so: *Ek is mal daarvoor om so tyd saam te spandeer. Ons kuiers om die tafel is baie spontaan en lekker en dis nie asof ons gedwing word om daar te sit nie, dis net lekker*. 'n Ander trek die verband tussen gesinsrituele en vriendskappe nog duideliker: *Die kombuisgesels-sessies was regtig die draaipunt van ons dag. Dit was 'n uur uit die 24 wat ons as gesin kans gegee het om weer in voeling te kom met mekaar. Dit het so deel van my lewe geword, dat ek eers welkom voel by vriende as hulle my kombuis toe nooi*. Volgens gesinslede voel dit asof hul hulself kan wees by mense wat hul aanvaar net soos hulle is. Fulkerson et al. (2006) wys ook daarop dat hierdie tipe interaksies daaglikse spanning verlig.

Die vriendskappe word voortgesit in die verhouding met die gesin tydens hul lewe as volwassenes. Volgens Howe (2002) hou hierdie herinneringe die moontlikheid in om toekomstige interaksies tussen gesinslede te beïnvloed. 'n Jong volwassene maak die volgende opmerking hieroor: *Dit het tot gevolg gehad dat ons selfs tot vandag toe mekaar se beste vriende is en WIL huis toe gaan om weer saam te kuier. Noudat ek terugkyk, besef ek eers werklik die ontsaglike groot waarde daarvan*.

Vertrouensverhoudings ontwikkel deur gesinsrituele wat aan gesinslede *sosiale ondersteuning, hulp en omgee* kommunikeer. 'n Deelnemer vergelyk dit om deel van 'n span te wees: *Dit het nog altyd vir my baie beteken: om te weet ons is 'n groep – 'n span, wat mekaar se belange op die hart*

dra en genoeg omgee om gereeld tyd af te staan aan mekaar deur middel van aktiwiteite. Hierdie bevinding is ook deur Kiser et al. (2005) in hul navorsing gemaak. Hulle beklemtoon dat gesinne wat spesifieke fokus op verhoudings plaas, tyd inruim om te praat en dinge met mekaar te deel. Sommige van die deelnemers het genoem dat die verhoudings wat so deur die interaksies ontwikkel het, hulle ondersteun het in moeilike tye: *Verder dien dit ook as 'n tipe versekering in moeilike tye. Ons kon nog altyd staar gemaak het op die versekering dat ons mekaar kan ondersteun deur middel van hierdie rituele. Dit het gemaak dat ons moeilike situasies en omstandighede makliker kon hanteer en mekaar altyd in ag neem.* Howe (2002) ondersteun ook hierdie bevinding en verwys na gesinne wat in staat is om ernstige lewenstressors te hanteer wanneer hulle voortgaan met hulle rituele.

Unieke gesinsidentiteit

Elke gesin het 'n unieke aard en kultuur. Die meeste deelnemers het beklemtoon dat gesinsrituele hulle van 'n gevoel van behoort aan 'n identiteit voorsien. Om te behoort word beskryf as 'n gevoel van eienaarskap en lidmaatskap. Sommige deelnemers beskryf dit soos volg: *Dit laat my voel ek behoort êrens. Dit leer my om waarde te heg aan sekere [goed] en hoe om dit te waardeer. Dit gee my die kans om uit te vind wie ek is en deur hierdie proses word ek gevorm. Gesinsrituele gee 'n gevoel van "beloning" vir my. Dit heg die gesin nader aan mekaar. Gesinsrituele gee identiteit aan ons gesin. Dit is wanneer liefde ervaar word en tye wat jy besef jy hoort êrens.* Hierdie aspek is deeglik in die literatuur gedokumenteer (Howe, 2002).

Die waarde van unieke gesinsrituele dra by tot 'n gevoel van uniekheid oor die aard van die gesin. *Hierdie eiesoortige rituele van ons gesin, het vir ons baie waarde en word in ons harte gekoester en onthou. Dit verleen 'n gevoel van samehorigheid en uniekheid.* Kiser (2007, p. 217) formuleer hierdie uniekheid as dat "this is who we are, this is the way we do things". Die volgende aanhalings bevestig dit: *Dit is hoe ons dit doen. Buitestaanders ervaar dit as uiters ongewoon, maar vir ons is dit stimulerend. Vir my laat dit voel dat ons baie spesiaal is. Dit skep 'n identiteit en versterk liefdebande. Dit versterk die eenheid van ons gesin en veroorsaak inklusiwiteit. Dit laat my tuis en veilig voel want dit pas net by ons.*

Die bevindinge ondersteun die resultate van Kiser et al. (2005) dat gesinne se welsyn bevorder word wanneer gesinne spesifieke strategieë ontwikkel en in stand hou, wat 'n gesin se saamwees en probleemoplossingsvermoë bevorder, soos gesinsrituele.

Gesinsgrense

Die gesinsisteam bestaan uit verskillende subsysteme met komplekse interaksies. Grieshaber (1997, p. 652) beskryf die gesin as "complex sites of interactions". Gesinslede het deur die beoefening van gesinsrituele 'n groter begrip ontwikkel vir die funksionering van verskillende subsysteme in die gesin, soos gesien kan word in die volgende aanhalings: *Gesinsrituele is verder vir my belangrik omdat dit die verhouding tussen my ma en pa as getroude paartjie versterk en ook die verhouding versterk tussen my en my broers; en dit los vir almal ruimte om as deel van die gesin ook individueel te kan wees.*

Volgens Eaker en Walters (2002) is gesinsgrense baie belangrik vir die individuele ontwikkeling van selfstandigheid. Dit blyk uit die volgende aanhaling: *Dit maak die kinders meer selfstandig en gehoorsaam, dit leer hulle hoe om die lewe beter te hanteer en wat om in sekere situasies te doen as hul nie hul ouers by hul het nie.*

Versteurde of gebrek aan rituele

’n Gevoel van verlies is beskryf indien rituele nie meer deel is van die gesin se funksionering nie. Deelnemers ervaar ’n gevoel van verlies en hartseer indien hulle nie aan die rituele kan deelneem nie: *Ek voel soms hartseer en teleurgesteld as ek een aandete mis saam met my gesin.*

Kiser (2007) beklemtoon dat gesinsrituele en roetines waardevolle bydraes lewer tot die gesin se stabiliteit tydens veranderinge soos lewensiklusverandering en gesinskrisisse. Deelnemers het veral genoem dat hulle na hul ouers se egskieding nie meer gesinsrituele beoefen nie en dat hulle dit as ’n gemis ervaar: *Ek mis dit, noudat my gesin half uitmekaar is. Ons doen dit nie meer nie. Dit was altyd vir my lekker om hierdie unieke goedjies saam my gesin te doen. Ek mis dit baie noudat ons amper niks daarvan oor het nie. Uiteindelik is dit hartseer, want dit is tog die goedjies wat ’n gesin saambind.* Fiese et al. (2002) bevestig dat egskieding veral die beoefening van rituele en tradisies soos Kersfees, verjaarsdae en vakansies, bedreig. Sommige Deelnemers het baie emosioneel gereageer: *Na my ouers se egskieding het die rituele verlore gegaan. Ek sien daagliks kinders wat nie by hul ouers en familie wil kuier nie, omdat dit boring is. Ek wens soms ek kan hulle wakker skud.*

In die afwesigheid van rituele het die deelnemers nie enige intieme interpersoonlike interaksie met emosionele of simboliese waarde beskryf nie. Voorbeelde daarvan is die volgende: *Ons is elkeen besig met sy eie lewe en sulke onnodighede mors net jou tyd. Ons doen nooit goed saam nie. Ons kom glad nie oor die weg met mekaar nie. Ons al 4 ry nooit saam in ’n kar nie, ons kan nie eers almal om ’n tafel sit en eet nie dan baklei ons. Dit bou seker hegte bande en jy besef seker hoe kosbaar familie is. Ek het geen idee nie, ons doen nie iets saam nie.*

Dit was interessant om te sien dat deelnemers wat nie die simboliese waarde van rituele ervaar het nie, se beskrywing van hul gesin se interaksies grootliks meganisties was: *Ons het gereeld op dieselfde tyd kerk toe gegaan. Ons het presies op dieselfde bank gesit. Ons het meeste van die tyd dieselfde kos na kerk geëet. Om hande vas te hou vir die tafelgebed. Dit was lekker om mekaar se hande vas te hou.*

BESPREKING VAN BEVINDINGE

In die lig van die veranderde gesinstrukture as gevolg van egskiedings en kinderhoofhuishoudings wat toeneem, hou die bevindinge van hierdie navorsing belangrike implikasies in vir die fasilitering van opbouende gesinsverhoudings. Uit die navorsing is dit duidelik dat daar ’n verskeidenheid gesinsrituele by gesinne voorkom en dat die gesinsrituele ’n kragtige sosialiseringsfunksie het. Die gesinsrituele vervul ook belangrike funksies, soos om rolle duideliker te maak, reëls te stipuleer, om grense te trek van wie in- en wie uitgesluit word asook om gesinsverhoudings te bou en te behou (Kiser, 2007).

Uit die verskeidenheid rituele wat geïdentifiseer is, blyk dit dat die mate van interpersoonlike kontak op ’n kontinuum voorkom. Sommige rituele, soos om saam televisie te kyk, verg min interpersoonlike interaksie, terwyl saamkuier en eet weer grootliks gebaseer is op intieme interpersoonlike kontak. Dit is egter duidelik dat dit nie soseer gaan oor die tipe ritueel wat beoefen word nie, maar oor die simboliese waarde wat aan die ritueel geheg word. Die idiosinkratiese wyse waarop gesinne rituele beoefen, voorsien die gesinslede van ’n tyd en plek waarin betekenisvolle interaksies kan plaasvind en gesinslede hulself kan wees. Herinneringe word herleef wanneer daar teruggedink word aan die ervaring (Fiese et al., 2002; Kiser, 2007).

Die herhalende aard van die rituele dra by tot die vestiging van ’n veilige en voorspelbare omgewing wat die grense van die gesin en die gesinslede beskerm sodat die verskillende take van gesinne uitgevoer kan word. Die vorming van identiteit en interpersoonlike vaardighede soos empatie, respek en bewustheid vir ander mense is vaardighede wat onontbeerlik is om in enige menskonteks te kan funksioneer. Volgens Reiss (1981) dra gesinsrituele beduidend by tot die vestiging en bewaring van

die gesin se kollektiewe gevoel van 'n gesinsidentiteit. Hierdie navorsing het bevind dat die gehegtheid tussen gesinslede versterk en behou word deur gesinsrituele en dat dit 'n unieke identiteit ontwikkel waarmee die gesinslede identifiseer. In die veilige grense binne die gesin kry gesinslede geleenthede om interpersoonlike vaardighede te ontwikkel wat tot uiting kom in wederkerige respekvolle verhoudings wat tot voordeel is van die gesin as sosialiseringseenheid, maar wat ook oorgedra word na die breër samelewingskonteks.

'n Geborge gesin voorsien gesinslede van sorg en sosiale ondersteuning wat vergelykbaar is met dié van 'n sportspan waarin elkeen 'n unieke identiteit het, wat al die lede insluit en die individualiteit van elke lid waardeer, waar geleentheid gegun word vir eie opinies en waar gesinslede aanvaar word net soos hulle is. Volgens Kiser (2007) bevestig gesinsrituele die gesin se identiteit. Gesinslede wat die voorreg het om deel te wees van so 'n eenheid, vind in die gesin 'n klankbord in moeilike en uitdagende tye. Gesonde gesinsrituele dien dus as 'n buffer teen die negatiewe gevolge van stres en die ontwikkeling van ander patologie. Dit versterk die gesin en beskerm die lede teen eensaamheid en die onsekerhede in die alledaagse lewe (Fiese, 1992; Wolin & Bennett, 1984). Dit het verder ook die vermoë om familieledede te ondersteun in oorgangstye deur stabiliteit te voorsien (Fiese, 1992; Fiese & Tomcho, 2001; Fiese et al., 2002).

In hierdie navorsing is ook gesien dat indien gesinsrituele onderbreek word of tot niet gaan, 'n gevoel van verlies uitgedruk word of dat interpersoonlike verhoudings meganisties en sonder emosionele inhoud beskryf word. Die navorsing beklemtoon dat gesinsrituele sekere menseienskappe fasiliteer, soos die vermoë om interpersoonlike kontak te maak, die vermoë om begrip en ondersteuning uit te druk, selfstandigheid en 'n verbintenis tot verhoudings. Hierdie en ander eienskappe lewer betekenisvolle insette tot die hantering van psigososiale uitdagings in intieme interpersoonlike verhoudings wat tipies voorkom in die jong-volwasse lewensfase (Arnett, 2004).

BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING EN AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die beperkte omvang van die navorsing kan uitgebrei sodat verskille tussen kultuur- en ouderdomsgroepe beskryf kan word. Baie van die deelnemers beskou hulself as waardegedrewe persone en die resultate van hierdie navorsing kan nie noodwendig veralgemeen word na ander jong volwassenes in die Suid-Afrikaanse konteks nie, maar die twee groepe kan in verdere navorsing met mekaar vergelyk word. Die longitudinale aard van spesifieke ouderdoms- en kultuurgroepe se gesinsrituele behoort ook ondersoek te word. Die mate waartoe rituele intergenerasioneel oorgedra word, is ook nog onduidelik en behoort verder ondersoek te word. Voorts kan die rol van gesinsrituele in die vestiging van nuwe gesinsverhoudings as gevolg van die herstrukturering na aanleiding van egskedding of die impak van HIV en Vigs ondersoek word. Die data is ook bekom deur die selfrapportering van die deelnemers en 'n groter verskeidenheid data-insamelingsmetodes kan gebruik word om data-triangulering moontlik te maak en groter vertrouenswaardigheid van die resultate te verseker.

IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING VIR HULPVERLENING EN ONTWIKKELINGSTUDIES

Uit die navorsing het dit duidelik geword dat gesinsrituele van besondere belang is in die vestiging van 'n gesinskultuur wat die verskillende funksies van die gesin as primêre sosialiseringsstelsel bevorder. Insig in die verskillende gesinsrituele, die belangrikheid daarvan vir die individu sowel as die gesin het diagnostiese sowel as terapeutiese waarde. Gesinsrituele, of die gebrek daaraan, kan insig gee in die aard van gesinsverhoudings, die rolle wat gesinslede vervul, gesinsmites, grense tussen gesinslede en

die dinamika van gesinne. Die ontwikkeling en vestiging van gesinsrituele kan 'n belangrike rol speel in die groei, aanpassing en verandering waaraan gesinne voortdurend blootgestel word, hetsy deur lewensuitdagings, egskending, verliese en hersamestelling. Die resultate kan ook gebruik word in die ontwikkeling en toepassing van psigo-opleidingsprogramme om gesinsfunksionering te bevorder.

GEVOLGTREKKING

In die navorsing is bevind dat daar verskeie gesinsrituele deur jong volwassenes geïdentifiseer is wat spesifieke simboliese betekenis inhou. In die lig van verskillende interpersoonlike vaardighede wat deur gesinsrituele gefasiliteer kan word, kan geestesgesondheidswerkers 'n belangrike bydrae lewer indien hulle gesinsrituele kan vestig by gesinne wat aan verandering en ontwrigting blootgestel is. Die volgende aanhaling illustreer die kernwaarde van gesinsrituele die beste:

Jou hele familie se siel en karakter word gebou uit die herinneringe van die goeie tyd wat saam gespandeer is. Sulke aktiwiteite is fundamenteel vir die funksie van 'n familie. Dit voel soos die materiaal wat jou familie 'n werklikheid maak.

Gesinsrituele vorm 'n kritieke deel van die sosiale omgewing wat daarop gerig is om die lede van die omgewing meer optimaal in verhouding tot mekaar te laat funksioneer.

VERWYSINGS

- Arnett, J. J. (2004). *Adolescence and emerging adulthood. A cultural approach*. New Jersey: Pearson Education.
- Audehm, K. & Zirfas, J. (1998). Performative elements in family rituals. Retrieved December 6, 2005, from <http://www.inrp.fr/Acces/Biennale/5biennale/Contrib/Long/L19.htm>
- Baxter, L. A. & Clark, C. L. (1996). Perceptions of family communication patterns and the enactment of family rituals. *Western Journal of Communication*, 60(3): 254-268.
- Becvar, D. S. & Becvar, R. J. (1996). *Family therapy: systemic integration*. Boston: Allyn & Bacon.
- Coyle, A. (2007). Introduction to qualitative psychological research. In: E. Lyons & A. Coyle (Eds). *Analysing qualitative data in psychology*, London: SAGE Publications, pp. 9-29.
- Eaker, D. G. & Walters, L. H. (2002). Adolescent satisfaction in family rituals and psychosocial development: a developmental systems theory perspective. *Journal of Family Psychology*, 16(4): 406-414.
- Fiese, B. H. (1992). Dimensions of family rituals across two generations: relation to adolescent identity. *Family process*, 31(2): 151-162.
- Fiese, B. H. (2000). Family routines, rituals, and asthma management: a proposal for family-based strategies. *Families, Systems and Health: The Journal of Collaborative Family HealthCare*, 18(4): 405-418.
- Fiese, B. H., Hooker, K. A., Kotary, L. & Schwagler, J. (1993). Family rituals in the early stages of parenthood. *Journal of marriage and the family*, 55(3): 633-642.
- Fiese, B. H. & Kline, C. A. (1993). Development of the family ritual questionnaire: initial reliability and validation studies. *Journal of Family Psychology*, 16(4): 381-390.
- Fiese, B. H. & Tomcho, T. J. (2001). Finding meaning in religious practices: the relation between religious holiday rituals and marital satisfaction. *Journal of Family Psychology*, 15(4): 597-609.
- Fiese, B. H., Tomcho, T. J., Douglas, M., Josephs, K., Poltrock, S. & Baker, T. (2002). A review of 50 years of research on naturally occurring family routines and rituals: cause for celebration? *Journal of Family Psychology*, 16(4): 381-390.
- Friedman, S. R. & Weissbrod, C. S. (2004). Attitudes toward the continuation of family rituals among emerging adults. *Sex roles*, 50(3/4): 277-284.
- Fulkerson, J. A., Story, M., Mellin, A., Leffert, N., Neumark-Sztainer, D. & French, S. A. (2006). Family dinner meal frequency and adolescent development: relationships with developmental assets and high-risk behaviours. *Journal of Adolescent Health*, 39(3): 337-345.

- Giblin, P. (1995). Identity, change and family rituals. *Family Journal*, 3(1): 37-43.
- Grieshaber, S. (1997). Mealtime rituals: Power and resistance in the construction of mealtime rules. *The British Journal of Sociology*, 48(4): 649-666.
- Horodynski, M. A. & Arndt, M. J. (2005). "Eating-together" mealtimes with African-American fathers and their toddlers. *Applied nursing research*, 18(2): 106-109.
- Howe, G. W. (2002). Integrating family routines and rituals with family research paradigms: comment on the special section. *Journal of Family Psychology*, 16(4): 437-440.
- Imber-Black, E. (1999). Creating meaningful rituals by new life cycle transitions. In: B. Carter & M. McGoldrick (Eds). *The expanded family life cycle*. Boston: Allyn & Bacon.
- Kiser, L.J. (2007). Protecting children from the dangers of urban poverty. *Clinical Psychology Review*, 27(2): 211-225.
- Kiser, L. J., Bennett, L., Heston, J. & Paavola, M. (2005). Family ritual and routine: Comparison of clinical and non-clinical families. *Journal of Child and Family Studies*, 14(3): 357-372.
- Leon, K. & Jacobvitz, D. B. (2003). Relationships between adult attachment representations and family ritual quality: a prospective, longitudinal study. *Family Process*, 42(3): 419-432.
- Quatman, T. (1997). High functioning families: Developing a prototype. *Family Therapy*, 24(3): 143-165.
- Reiss, D. (1981). *The family's construction of reality*. Cambridge: Harvard University Press.
- Ritchie, J. (2006). The application of qualitative methods to social research. In: J. Ritchie & J. Lewis. (Eds). *Qualitative research practice. A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications, 24-46
- Ritchie, J. Lewis, J. & Elam, G. (2006). Designing and selecting samples. In: J. Ritchie & J. Lewis. (Eds). *Qualitative research practice. A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications, 77-108.
- Roberts, J. (1988). Setting the frame: Definition, functions, and typology of rituals. In E. Imber-Black, J. Roberts & R. Whiting (Eds). *Rituals in families and family therapy*. New York: Norton, 3-46.
- Schuck, L. A. & Bucy, J. E. (1997). Family rituals: implications for early interventions. *Topics in early childhood special education*, 17(4): 477-490.
- Smith, J.A. (2003). Validity and qualitative psychology. In: J.A. Smith. *Qualitative psychology. A practical guide to research methods*. London: SAGE Publications, 232-235.
- Smith, J.A. & Eatough, V. (2007). Interpretative phenomenological analysis. In: E. Lyons & A. Coyle (Eds). *Analysing qualitative data in psychology*. London: SAGE Publications, 35-50.
- Snape, D. & Spencer, L. (2006). The foundations of qualitative research. In: J. Ritchie & J. Lewis. (Eds). *Qualitative research practice. A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications, 1-23.
- Spencer, L., Ritchie, J. & O'Connor, W. (2006). Analysis: practices, principles and processes. In: J. Ritchie & J. Lewis. (Eds). *Qualitative research practice. A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications, 220-262.
- Wolin, S. J. & Bennett, L. A. (1984). Family rituals. *Family Process*, 23(3): 401-420.